**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 893/2002

In die saak tussen:

**MORWANE PLANTER KHOLOANYANE** Applikant 1
**MOSALA CHARLES MKHONAZI** Applikant 2
**DAWID RUITERS** Applikant 3
**PETRUS MOTLALEPULA MOTSOENENG** Applikant 4
**SEHLOHO MICHAEL RADEBE** Applikant 5

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP

---

**AANGEHOOR OP:** 11 NOVEMBER 2005

---

**UITSPRAAK:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 17 NOVEMBER 2005

---

Die 5 applikante was beskuldigdes 1 tot 5 wat voor Lombard R in die Rondgaande Hof te Bethlehem verskyn het op die volgende 8

aanklagte:

1. Roof met verswarende omstandighede.
2. Huisbraak met die opset om te steel en diefstal.
3. Poging tot moord.
4. Poging tot moord.
5. Onwettige besit van 'n 9mm pistool.
6. Onwettige besit van 5 rondtes 9mm ammunisie.
7. Onwettige besit van 'n 7,65 pistool.
8. Onwettige besit van 7 rondtes 7,65 ammunisie.

Hulle is skuldig bevind soos volg:

Aanklag 1: Al 5 applikante: slegs aan roof.

Aanklag 2: Al 5 applikante, maar net aan poging tot diefstal van 'n hoeveelheid vleis.
Aanklagte 3 en 4: Slegs eerste applikant.
Aanklagte 5 en 6: Slegs eerste applikant.
Aanklagte 7 en 8: Al 5 applikante.

Hulle is soos volg gevonnis:
Eerste applikant:

Aanklag 1: 7 jaar gevangenisstraf
Aanklag 2: 6 jaar gevangenisstraf
Aanklag 3: 10 jaar gevangenisstraf
Aanklag 4: 10 jaar gevangenisstraf

<u>Aanklag 5</u>: 4 jaar gevangenisstraf
<u>Aanklag 6</u>: 10 jaar gevangenisstraf
<u>Aanklag 7</u>: 2 jaar gevangenisstraf
<u>Aanklag 8</u>: 1 jaar gevangenisstraf
TOTAAL: 50 jaar gevangenisstraf

Die geleerde verhoorregter het gelas dat hierdie vonnisse só sal saamloop dat 1ste applikant 18 jaar gevangenisstraf moet uitdien.

Applikante 2, 3, 4 en 5 is elk skuldig bevind op aanklagte 1, 2, 7 en 8 en op daardie aanklagte gevonnis tot 6 jaar, 5 jaar, 2 jaar en 1 jaar gevangenisstraf onderskeidelik. Die totaal van 14 jaar gevangenisstraf moet op só wyse uitgedien word dat elkeen van hierdie applikante 10 jaar gevangenisstraf uitdien. Hulle doen nou almal aansoek om verlof om te appelleer teen beide die skuldigbevindings en vonnisse.

Die geleerde verhoorregter het 'n goed-gemotiveerde en volledige uitspraak gelewer waarin die getuienis en regsbeginsels duidelik opgesom en uiteengesit is. Hy het baie sterk geloofwaardigheidsbevindings ten gunste van die Staat gemaak. Dit is welbekend dat 'n Hof van appèl nie maklik inmeng met sulke bevindings nie. Namens applikante het Mej. Wright alles gesê wat

redelikerwyse namens hulle gesê kan word maar my nie oortuig dat daar enige redelike vooruitsigte op welslae bestaan met betrekking tot die skuldigbevindings nie.

Ook die onderskeie vonnise is goed gemotiveerd. Die kumulatiewe effek van die vonnisse is versag deur te gelas dat hulle saamloop soos hierbo uiteengesit. Na my mening is daar ook geen redelike vooruitsig dat 'n ander Hof sal inmeng met die opgelegde vonnisse nie.

Gevolglik word al 5 applikante se aansoeke om verlof om te appelleer afgewys.

**J.P. MALHERBE, RP**

Namens die applikante: Mej. G. Wright
In opdrag van:
Die Regshulpraad
BLOEMFONTEIN

Namens die staat: Mnr. C.F. Steyn
In opdrag van:
Die Direkteur van

Openbare Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/em